higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N6

(6030196)

9 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL SLUIT DIE INSTRUKSIES IN WAT AAN KANDIDATE EN TOESIGHOUERS GEGEE MOET WORD 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMENSESSIE.

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye en 4 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES VOORDAT JY DIE VRAESTEL BEANTWOORD. DIE TOESIGHOUER SAL VERDUIDELIK AS DAAR IETS IS WAT NIE DUIDELIK IS NIE.

1. Die vraestel bestaan uit die volgende DRIE afdelings:

   AFDELING A: Teorie (50 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking (150 punte)
   AFDELING C: Sigblad (150 punte)
   AFDELING A is VERPLIGTEND.

   Kandidate moet óf AFDELING B óf AFDELING C beantwoord.

   AFDELING A moet op die ANTWOORDBLAD beantwoord word.

   AFDELING B word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram op die rekenaar gedoen.

   AFDELING C word met behulp van 'n sigbladprogram op die rekenaar gedoen.

   AL die DRUKSTUKKE moet korrek genommer wees en beide die VRAAGNOMMER en die EKSAMENNOMMER (REKENAARNOMMER) moet gedruk word soos aangedui in die instruksies. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS sal NIE aanvaar word nie.

2. Die tydsduur van die vraestel is DRIE uur. GEEN bykomende tyd sal toegelaat word vir die uitdruk van antwoorde ná die verstryking van die eksamen nie.

3. In geval van 'n kragonderbreking of indien 'n rekenaar of drukker onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.

4. ASCII-kodes sowel as die speltoetser kan gebruik word.

Kopiereg voorbehou

5. Elke antwoord moet op 'n AFSONDERLIKE vel papier en slegs op EEN kant van die papier gedruk word. Plaas ALLE DRUKSTUKKE in die EKSAMENOMSLAG.

6. DRUKSTUKKE moet op A4-papier gedruk word behalwe as 'n spesifieke papiergrootte vereis word.

7. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingegee word om nagesien te word. As meer as EEN ingegee word, sal slegs die boonste een nagesien word.

8. Na afloop van die eksamensessie moet ALLE DRUKSTUKKE wat 'n kandidaat wil laat nasien in die EKSAMENOMSLAG geplaas word en aan die toesighouer gegee word.

9. DRUKSTUKKE wat NIE vir nasien bedoel is nie moet na afloop van elke sessie deur die toesighouer ingeneem en aan die einde van die dag vernietig word. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder word of in vullishouers geplaas word nie.

10. In AFDELING B en AFDELING C mag slegs 'n fontgrootte van 12 pt gebruik word, behalwe as 'n spesifieke grootte vereis word, of in die geval van 'n sigblad wanneer 'n kleiner fontgrootte nodig is om die antwoord op EEN bladsy in te pas. In AFDELING B moet kantruimtes van 2,54 cm/1" gebruik word behalwe as anders aangedui.

11. Alle werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te voorkom. GEEN bykomende tyd word vir sodanige verlies van werk toegestaan nie. Dit is die verantwoordelikheid van kandidate om hulle antwoorde teen uitwissing te beskerm.

12. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde weergawe van antwoorde te kan druk moet kandidate die werk na elke aparte vraag stoor voordat dit gedruk word.

13. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde ingee sowel as 'n disket met die gestoorde antwoorde (behoorlik gemerk met die kandidaat se EKSAMENNOMMER). Indien die kandidaat se werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer die antwoorde na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en onmiddellik die antwoorde van die hardeskyf/netwerk verwyder. Hierdie kompakskyf/geheuestokkie moet vir ten minste SES maande by die eksamenafdeling bewaar word. Dit moet NIE by die antwoorde ingesluit word nie.

14. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word voordat minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie verstryk het nie. Alle vraestelle moet gevolglik ingegee word. Dit kan na afloop van die eksamen aan kandidate teruggegee word.

Kopiereg voorbehou

15. Indien 'n vraestel in meer as een sessie geskryf word, moet toesighouers toesien dat ALLE antwoorde van kandidate van die hardeskywe of die netwerk verwyder word voordat kandidate vir die volgende sessie tot die lokaal toegelaat word.

16. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat uitdruk, sy/haar disket aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang verkry tot ander kandidate se werk op die netwerk nie. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat op welke wyse ook al oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n ernstige lig beskou word.

WAG VIR DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE (VERPLIGTEND)

INSTRUKSIES

1. HIERDIE AFDELING MOET OP DIE ANTWOORDBLAAIE BEANTWOORD WORD. ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER IN DIE SPASIE DAARVOOR IN TE VUL EN DIE ANTWOORDBLAAIE IN JOU EKSAMENOMSLAG TE SIT. Verwyder die ANTWOORDBLAD uit die VRAESTEL en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG sodra jy dit voltooi het.
2. Lees al die instruksies aandagtig deur.
3. Beantwoord al VIER vrae.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.


VRAAG 1: INLIGTINGSTELSELS

1.1 Noem die VYF stappe, in die korrekte volgorde, wanneer rekenaarhardeware vir sakeondernemings aangekoop word. (5)


1.2 Noem enige VYF maatreëls wat geïmplementeer kan word om teen die vernietiging van hardeware en data te beskerm. (5)

1.3 Identifiseer die netwerktopologie wat hier onder vertoon word. Skryf die korrekte antwoord langs die vraagnommer (A–C) op die ANTWOORDBLAD:


A



B



C




(3)

1.4 'n Metropolitaanse areanetwerk (MAN) is 'n voorbeeld van 'n tipe netwerk. Noem enige TWEE ander tipes netwerke voluit (moenie afkortings gebruik nie). (2)

[15]

VRAAG 2: BEDRYFSTELSELS

Gebruik die skermdruk hier onder en beantwoord die vrae.



2.1 Wat is die lêergids se naam? (1)

2.2 Hoeveel lêers en hoeveel lêergidse bevat hierdie lêergids? (2)

2.3 Wanneer (datum) en hoe laat is hierdie lêergids geskep? (2)

2.4 Op watter aandrywer is die lêergids gestoor? Noem die twee voor-sublêergids (pre-subfolders) wat hierdie lêergids voorafgaan. (1)

2.5 Wat is hierdie lêergids se eienskappe (attributes)? (1)

2.6 Waarvoor maak hierdie eienskap voorsiening? (1)

Kopiereg voorbehou

2.7 Noem die stelselinstrument (system tool) wat 'n mens sal gebruik om te verseker dat die data in hierdie lêergids veilig is en op 'n ander plek ook gestoor word. (1)

2.8 Watter stelselinstrument kan help om lêers wat verlore geraak het, te herstel? (1)
[10]

VRAAG 3: VIRUSSE

3.1 Noem die VYF stadiums waarin virusse kan wees. (5)

3.2 Noem enige VYF maatreëls wat 'n mens kan neem om te verhoed dat 'n virus jou rekenaar besmet. (5)

3.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) op die ANTWOORDBLAD neer.

3.3.1 Rekenaarvirusse is in werklikheid rekenaarprogramme wat ontwerp is om data te korrupteer.

3.3.2 Lêervirusse is ontwerp om uitvoerbare lêers aan te val.

3.3.3 Selflaaisektorvirusse word ontwerp om die selflaaisektore van hardeskrywe aan te val.

3.3.4 'n Algemene simptoom van 'n rekenaarvirusinfeksie is dat 'n mens se rekenaar take baie stadig uitvoer.

3.3.5 'n Ander algemene simptoom van 'n rekenaarvirusinfeksie is dat die aantal lêers op draagbare hardeskywe vermeerder sonder dat jy self lêers bygevoeg het.

(5 × 1) (5)
[15]

VRAAG 4: FOUTOPSPORING

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1–4.10) op die ANTWOORDBLAD neer.

4.1 Indien die drukker nie druk nie, moet die volgende nagegaan word:

A Kontroleer die kragprop en verseker dat die drukker aangeskakel is.
B Kontroleer dat die kabel tussen die rekenaar en die drukker goed kontak maak.
C Verseker dat die drukker aangeskakel is.
D Al die bostaande.

4.2 Wanneer 'n skerm dood is, mag die volgende die oorsaak wees:

A Die kabel tussen die rekenaar en die skerm mag los wees.
B Die helderheid mag op nul gestel wees.
C Die video-passtuk mag foutief wees.
D Al die bostaande.

4.3 Indien die sleutelbord nie werk nie, mag die volgende die oorsaak wees:

A Dit mag vol stof of vuil wees.
B Die sleutelbord se kabel mag los wees.
C Kontroleer dat daar nie enige vloeistowwe op die sleutelbord gemors is nie.
D Al die bostaande.

4.4 Indien die muis nie werk nie, kan 'n mens die volgende probeer:

A Maak die muismatjie skoon.
B Verseker dat die kabel aan die rekenaar gekoppel is.
C Gaan die balletjie na en maak die rollers skoon.
D Al die bostaande.

4.5 Indien die rekenaar se geheue te min raak en dit baie stadig word, kan jy die volgende doen:

A Maak sommige programme toe en laat minder programme op 'n slag loop.
B Verminder die virtuele geheuegrootte.
C Verminder die rekenaar se WTG (RAM).
D Al die bostaande.

4.6 Die foutboodskap, Data reading drive F, impliseer dat …

A F: te vol is om te lees.
B daar swak sektore op die skyf in F: is.
C jy die lêers op F: moet hernoem.
D Al die bostaande.

Kopiereg voorbehou

4.7 Die foutboodskap, General failure error reading drive F:, impliseer dat ...

A Daar te veel lêers op die skryf is.
B Jy moet die lêers op F: hernoem.
C Die skyf in F: nie geformatteer is nie.
D Al die bostaande.

4.8 Die foutboodskap, Non-system disk or disk error, impliseer dat ...

A Die rekenaar, met 'n disket in die A: aandrywer, probeer selflaai het.
B Die rekenaar kan nie die stelsellêers opspoor nie.
C Die stelsellêers is beskadig.
D Al die bostaande.

4.9 Die foutboodskap, The program is not responding, verskyn omdat te veel programme loop. 'n Mens stel dit reg deur die volgende te doen:

A Druk CTRL + ALT + DEL en maak sommige van die programme toe.
B Jy moet die lêers op F: hernoem.
C Die skyf in F: is nie geformatteer nie.
D Al die bostaande.

4.10 Die foutboodskap,The file being copied is too large for the destination drive, verskyn. 'n Mens stel dit reg deur die volgende te doen:

A Kompakteer (zip) die lêer om die grootte van die lêer wat gekopieer moet word te verminder.
B Koop 'n draagbare hardeskyf met meer stoorruimte.
C Om meer plek beskikbaar te stel, verseker dat jy al die lêers wat jy nie meer nodig het nie, op die bestemmingsaandrywer skrap.
D Al die bostaande.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

KANDIDATE MOET OF AFDELING B OF AFDELING C BEANTWOORD.

AFDELING B: WOORDVERWERKING

INSTRUKSIES

1. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

2. Gebruik Courier New 12 pt, tensy anders aangedui word.

3. Die volgende inligting moet as kopskrif op elke bladsy verskyn:

Belyn die VRAAGNOMMER teen die linkerkantruimte	Belyn jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER teen die regterkantruimte.

4. Gebruik die datumfunksie om alle datums in te voeg.

5. Plaas alle DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG.

6. Dien slegs een DRUKSTUK per vraag in.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

1. Herwin die lêer, RUGBYWÊRELDBEKER 2019, wat in die lêergids, REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS, gestoor is. 'n Kopie van die lêer verskyn op die volgende vier bladsye.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

4. Redigeer die dokument hier onder en op die volgende bladsye soos dit in die instruksies en volgens die proefleestekens aangedui word.

5. Verander die font van die hele dokument na Lucinda Sans 12 pt.

6. Voeg die vergelyking in soos aangedui. Sentreer die vergelyking en voeg 'n tekskassie (textbox) net om die vergelyking in (nie van die linker- tot die regterkantruimte nie).

7. Voeg die volgende voetnota in 10 pt, vetdruk en kursief in soos aangedui: Die 2019 Rugbywêreldbeker was die negende weergawe van die Rugbywêreldbeker, die vierjaarlikse wêreldkampioenskap vir mansrugbyspanne. Dit is van 20 September tot 2 November in 12 plekke oor die hele land aangebied. Suid-Afrika is as Wêreldkampioen gekroon.

8. Skep 'n styl (style), RUGBY, vir alle vlak 1-paragraafopskrifte: bokas, linksbelyn, kursief en vetdruk. Pas hierdie styl op alle vlak 1-paragraafopskrifte toe.

9. Gebruik die outomatiese nommeringsfunksie om die paragrawe, soos in die teks aangedui, te nommer.

   Paragrawe wat met 'n * gemerk is, is hoofparagraafopskrifte (vlak 1), ** dui subparagraafopskrifte (vlak 2) aan, ens.

   Gebruik die volgende paragraafnommeringstyl vir die vier vlakke, 1 tot 4:

   1) (Inkeping by 1 cm/0,39")
   a) (Inkeping by 1,25 cm/0,49")
   i) (Inkeping by 1,75 cm/0,69")
   (1) (Inkeping by 2,25 cm/0,89")

10. Voeg die volgende eindnota in soos en waar aangedui:
    Met 'n kapasiteit van 50 000 toeskouers, is die Shizuoka Ogasayama sportterrein die tweede grootste rugbystadion in Japan.

11. Voeg die vier bladsybreuke in soos en waar aangedui.

12. Gebruik die vind-en-vervang-funksie om die woord, voetbal, te vind en met die woord, RUGBY, in vetdruk, kursief, dubbelonderstreping en hoofletters te vervang.

13. Stoor die lêer as RUGBY.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5 (VERVOLG)

14. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG.

Voeg 'n voetnota na 2019 in — gebruik 2 as voetnotanommer

Sentreer die opskrif, 16 pt, vetdruk, voeg 'n tekskassie met 'n dubbelrand om die opskrif van die linker- na die regterkantruimte in, voeg 10% grys beskaduing in

2019 Voetbalwêreldbekerplekke in Japan

Laat een reël na die opskrif en voeg die vergelyking soos hier onder aangedui, gesentreerd in. Voeg 'n tekskassie met 'n enkelrand om die teks van die vergelyking in.

$$Japan\ 2019 = \sqrt[4\ Groepe]{5\ spanne\ in\ elke\ groep\ -\ \frac{Top\ 2\ spanne\ vorder}{In\ uitklopfase\ vorder\ slegs\ wenners}}$$

*FUKUOKA – Hakatanomori Stadion

**Kapasiteit: 22 563 toeskouers

**Voltooi: 1995

**Gebruike: Voetbal (Avispa Fukuoka) en rugby

***Het jy geweet? Die stadion het tydens die 2009 Junior Wêreldkampioenskap vier wedstryde aangebied.

****Wedstryde wat in hierdie stadion gespeel is:
****Donderdag 26 September Italië 48-7 Kanada
****Woensdag 2 Oktober Frankryk 33-9 VSA
****Saterdag 12 Oktober Ierland 47-5 Samoa

---------- Voeg 'n bladsybreuk in ----------

*KOBE – Kobe Stad Misaki Park

**Kapasiteit: 30 132 toeskouers

**Voltooi: 2001

*KUMAGAYA – Kumagaya Rugbyveld

**Kapasiteit: 24 000 toeskouers

**Voltooi: 1991

*SAPPORO – Sapporo-koepel

**Kapasiteit: 41 410 toeskouers

**Voltooi: 2001

Kolom 3

Kolom 2

Kolom 1

Verander hierdie bladsy na landskap. Voeg drie kolomme met 'n lyn tussen in. Sentreer die bladsy vertikaal.

---------- Voeg 'n bladsybreuk in ----------

VRAAG 5 (VERVOLG)

*KAMAISHI – Kamaishi Recovery Memorial Stadion

**Kapasiteit: 16 187 toeskouers

**Voltooi: 2018

***Het jy geweet? Kamaishi is deur die 2011 tsunami vernietig en hierdie stadion is ter herdenking aan dié wat gesterf het, opgerig.

****Wedstryde wat in hierdie stadion gespeel is:
****Woensdag 25 September Fiji 27-30 Uruguay
****Sondag 13 Oktober Namibië 0-0 Kanada (wedstryd gekanselleer)

*KUMAMOTO – Kumamoto Stadion

**Kapasiteit: 32 000 toeskouers

**Voltooi: 1998

*OITA – Oita Stadion

**Kapasiteit: 40 000 toeskouers

**Voltooi: 2001

**Gebruike: Voetbal (Oita Trinita) en atletiek

***Het jy geweet? Die stadion is deur die toonaangewende Japanse argitek, Kisho Kurokawa, ontwerp.

****Wedstryde wat in hierdie stadion gespeel is:
****Woensdag 2 Oktober Nieu-Seeland 63-0 Kanada
****Saterdag 5 Oktober Australië 45-10 Uruguay
****Woensdag 9 Oktober Wallis 29-17 Fiji
****Saterdag 19 Oktober KW1 Engeland 40-16 Australië
****Sondag 20 Oktober KW3 Wallis 20-19 Frankryk

---------- Voeg 'n bladsybreuk in ----------

*OSAKA – Higashiosaka City Hanazono Rugbystadion

**Kapasiteit: 30 000 toeskouers

Voeg 'n eindnota na Sportpark in en gebruik B as die eindnotanommer.

**Voltooi: 1929

*SHIZUOKA – Ogasayama Sportpark

**Kapasiteit: 50 889 toeskouers

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5 (VERVOLG)

**Voltooi: 2001

*TOKYO – Tokyo Stadion

**Kapasiteit: 49 970 toeskouers

**Voltooi: 2000

**Gebruike: Voetbal (FC Tokyo en Tokyo Verdy), atletiek en rugby

***Het jy geweet? Dit is in 2011 as skuiling gebruik vir die oorlewendes van die Tohoku-aardbewing en tsunami.

****Wedstryde wat in hierdie stadion gespeel is:
****Vrydag 20 September Japan 30-10 Rusland
****Saterdag 21 September Frankryk 23-21 Argentinië
****Sondag 29 September Australië 25-29 Wallis
****Saterdag 5 Oktober Engeland 39-10 Argentinië
****Sondag 6 Oktober Nieu-Seeland 71-9 Namibië
****Saterdag 19 Oktober KW2 Nieu-Seeland 46-14 Ierland
****Sondag 20 Oktober KW4 Japan 3-26 Suid-Afrika
****Vrydag 1 November derdeplek-uitspeel: Nieu-Seeland 40-17 Wallis

---------- Voeg 'n bladsybreuk in ----------

*TOYOTA STAD – Toyota Stadion

**Kapasiteit: 45 000 toeskouers

**Voltooi: 2001

**Gebruike: Voetbal (Nagoya Grampus) en rugby (Toyota Verblitz)

***Het jy geweet? Die terugtrekbare dak vou soos 'n trekklavier op en neem ongeveer 50 minute om oop te maak.

****Wedstryde wat in hierdie stadion gespeel is:
****Maandag 23 September Wallis 43-14 Georgië
****Saterdag 28 September Suid-Afrika 57-3 Namibië
****Saterdag 5 Oktober Japan 38-19 Samoa
****Saterdag 12 Oktober Nieu-Seeland 0-0 Italië (wedstryd gekanselleer)

*YOKOHAMA – Internasionale Stadion

**Kapasiteit: 72 327 toeskouers

**Voltooi: 1997

**Gebruike: Voetbal (Yokohama F Marinos) en atletiek

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5 (VERVOLG)

***Het jy geweet? Dit is die stadion met die grootste kapasiteit in Japan en die Wêreldbekerfinaal is in 2002 hier aangebied.

****Wedstryde wat in hierdie stadion gespeel is:
****Saterdag 21 September Nieu-Seeland 23-13 Suid-Afrika
****Sondag 22 September Ierland 27-3 Skotland
****Saterdag 12 Oktober Engeland 0-0 Frankryk (wedstryd gekanselleer)
****Sondag 13 Oktober Japan 28-21 Skotland
****Saterdag 26 Oktober SF1 Engeland 19-7 Nieu-Seeland
****Sondag 27 Oktober SF2 Wallis 16-19 Suid-Afrika
****Saterdag 2 November RWC 2019 Finaal: Engeland 12-32 Suid-Afrika

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

1. Herwin die lêer, RUGBY.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

4. Verander die font van die hele dokument na Lucida Fax 12 pt.

5. Redigeer die dokument soos hier onder aangedui:

   MANIPULASIE VAN BLADSY 1:

   5.1 Redigeer die opskrif, 2019 Rugbywêreldbekerplekke in Japan, soos volg:

   Verwyder die tekskassie en beskadu.

   5.2 Skrap die voetnota in die opskrif.

   5.3 Laat TWEE reëls oop en sleutel die volgende opskrifte in:
   INHOUDSOPGAWE in 16 pt, vetdruk, kursief, linksbelyn.
   BLADSYNOMMER in 16 pt, vetdruk, kursief, regsbelyn.

   5.4 Onderdruk die vertoning van bladsynommers op hierdie bladsy.

   5.5 Laat TWEE reëls en skep 'n inhoudsopgawe deur die volgende opskrifte in te sluit:
   Merk alle vlak 1-opskrifte
   Merk slegs die eerste vlak 2-opskrifte
   Merk die vlak 4-opskrifte in die laaste paragraaf (YOKOHAMA – Internasionale Stadion)

   Manipuleer die inhoudsopgawe soos volg: skrap die vlak 2-opskrifte by die hoofparagraafopskrifte 1) tot 3).

   5.6 Gebruik leipunte (leader dots) – bladsynommers moet regsbelyn wees.

   5.7 Voeg 'n bladsybreuk na die inhoudsopgawe in.

   MANIPULASIE VAN BLADSY 2 (DIE BLADSY WAT OP DIE INHOUDSOPGAWE VOLG):

   5.8 Voeg 'n bladsynommer bo, gesentreerd, tussen die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER in dieselfde reël in. Die bladsynommer moet met nommer 6 begin en moet in vetdruk en kursief wees.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6 (VERVOLG)

5.9 Sentreer SLEGS hierdie bladsy vertikaal.

5.10 Skrap die vergelyking en die tekskassie.

MANIPULASIE VAN DIE LAASTE BLADSY:

5.11 Voeg 'n bladsybreuk na die laaste paragraaf (YOKOHAMA – Internasionale Stadion), na die woorde, Suid-Afrika, in.

5.12 Sleutel die woord, INDEKS, in 16 pt, vetdruk, kursief, linksbelyn in.

5.13 Sleutel die woorde, WOORDE EN BLADSYNOMMERS EN WAAR OM DIT TE VIND, in 16 pt, vetdruk, kursief, regsbelyn in. Laat TWEE reëlafstande na die opskrifte en skep die indeks met die volgende woorde:

Kapasiteit, Namibië, rugby, Saterdag, Suid-Afrika, Wallis, Wedstryde, Woensdag

5.14 Gebruik drie kolomme. Bladsynommers moet regsbelyn wees met leipunte. Manipuleer die bladsynommer om nie die bladsynommer van die inhoudsopgawe te toon waar die woorde mag verskyn nie.

5.15 Sentreer die inhoud van die laaste bladsy vertikaal.

5.16 Stoor die lêer as WEDSTRYDE.

5.17 Druk SLEGS BLADSY 1 (INHOUDSOPGAWE), die tweede bladsy (wat 6 genommer is) en die laaste bladsy (INDEKS).

5.18 Plaas die DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG.

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Skep 'n briefhoof waarin die 2019 Rugbywêreldbeker bemark word.

1. Herwin die lêer, REËLINGSKOMITEE, wat in die lêergids, REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS, gestoor is.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

4. Redigeer die dokument hier onder en op die volgende bladsy soos in die instruksies en volgens die proefleestekens aangedui is.

5. Verander die font van die hele dokument na Arial 12 pt.

6. Voeg van die linker- na die regterkantruimte, aan die bokant van die bladsy, ná die kopskrif, 'n horisontale lyn van 1 pt in.

7. Laat TWEE reëlafstande en sleutel die opskrif in soos hier onder aangedui.

8. Laat TWEE reëlafstande en voeg DRIE kolomme in soos hier onder aangedui:
   Kolom 1: 10,16 cm/4"
   Kolom 2: 3,81 cm/1,5"
   Kolom 3: 3,55 cm/1,4"
   Spasie tussen die kolomme: 0,76 cm/0.3"

2019 Rugbywêreldbekerreëlingskomitee → *Sentreer die opskrif, 16 pt, bokas, vetdruk. Voeg 'n enkelrandtekskassie om die opskrif in met 10% beskaduing.*

Lede: → *Opskrif kolom 1*

Vorige Rugbywêreldbekerwenners: → *Opskrif kolom 2*

Logo: → *Kolom 3: Prent, Logo*

Kolom 1:
Laat TWEE reëlafstande na die opskrif, Lede, en sleutel die volgende teks in:
Voorsitter: Fujio Mitarai – HUB van Canon Ing.
Visevoorsitter: Yoshiro Mori – President: Paralimpiese Spele
Ere Uitvoerende Konsultant: Fumiaki Watari
Rugbypresident: Japan: Shigetaka Mori
Olimpiese President: Japan: Yamashita Yasuhiro

Verander die opskrif na bokas, vetdruk
Regsbelyn teks in kolom 1, 10 pt

VRAAG 7 (VERVOLG)

Kolom 2:
Laat TWEE reëlafstande na die opskrif, Vorige Rugbywêreldbekerwenners, en sleutel die volgende teks in:
Australië (twee keer)
Engeland (een keer)
Suid-Afrika (twee keer)
Nieu-Seeland (drie keer)

Verander die opskrif na bokas, vetdruk
Linksbelyn alle teks in kolom 2, 10 pt

Kolom 3:
Voeg die prent, Logo, regsbelyn in kolom 3 in. Voeg 'n dubbelrand om die prent in. Verander die grootte van die prent na 2,54 cm/1" wyd en 3,81 cm/1,5" hoog.

9. Laat TWEE reëlafstande na die prent en verander na een kolom. Voeg, van die linker- na die regterkantruimte, 'n horisontale lyn van 1 pt in.

10. Voeg 'n voetskrif soos volg in:

    10.1 Voeg, van die linker- na die regterkantruimte, 'n dubbele horisontale lyn van 1 pt in.

    10.2 Laat TWEE reëlafstande en voeg die volgende teks in 8 pt, gesentreer, vetdruk en kursief in: RUGBYWÊRELD-BEKERPERSONEEL: HUB: Brett Gosper; Vennootskapbestuurder: Meg Mitchell; Kommunikasiehoof: Dominic Rumbles

11. Stoor die lêer as RWB2019.

12. Druk die dokument op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

[30]

VRAAG 8

VRAAG 8A

Berei die volgende datadokument voor om met ander dokumente saam te voeg (merge):

	BRIEF 1	**BRIEF 2**	**BRIEF 3**
LAND	Engeland	Nieu-Seeland	Suid-Afrika
AFRIGTER	Eddie Jones	Steve Hansen	Rassie Erasmus
KAPTEIN	Owen Farrel	Kieran Read	Siya Kolisi
GROEP	GROEP C	VRAAG 8A	EKSAMENNOMMER
DATUM 1	22 September 2019	22 September 2019	22 September 2019
STADION	Sapporo	Yokohama	Yokohama
STAD	Kumamoto	Kumaishi	Kumaishi
EERSTE OPPONENT	Tonga	Suid-Afrika	Nieu-Seeland

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8A (VERVOLG)

1. Gebruik Calibri 11 pt vir die hele dokument.

2. Jy mag 'n woordverwerkingsprogram of 'n databasisprogram vir hierdie lêer gebruik.

3. Verander die bladsy-oriëntasie na landskap.

4. Verseker dat al die inligting in die tabel sigbaar is en in een reël verskyn. Verseker dat die teks in die velde nie omvou nie.

5. Verseker dat die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER in die GROEP-veld van BRIEF 2 en BRIEF 3 verskyn soos op die vorige bladsy aangedui is. Moenie jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER as kopskrif invoeg nie.

6. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

7. Stoor die lêer as SPANNE.

8. Druk die dokument op een bladsy. Verseker dat geen ander inligting as die tabel gedruk is nie en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(10)

VRAAG 8B

Gebruik die lêer, RWB2019, wat jy by VRAAG 7 geskep, het om 'n primêre dokument te skep vir saamvoeging met die databron, SPANNE, wat jy by VRAAG 8A geskep het.

1. Herwin die briefhoof, RWB2019.

2. Verander die VRAAGNOMMER in die kopskrif na VRAAG 8B.

3. Laat TWEE reëlafstande onder die briefhoof en verander die font na Bookman Old Style 12 pt vir alle teks wat volg. Laat die font van die briefhoof as Arial.

4. Sleutel die dokument hier onder en op die volgende bladsy in soos in die instruksies en volgens die proefleestekens aangedui is.

5. Voeg die veldname in vetdruk in soos in die brief aangedui. Moenie die hakies ([ ]) insleutel nie. Dit is slegs daar om die veldname aan te dui.

6. Voeg die volgende voetnota in vetdruk aan die einde van die eerste paragraaf ná die woord, Rugbywêreldbeker, in: Die Rugbywêreldbeker is 'n mansrugbytoernooi wat elke vier jaar tussen die top internasionale spanne beslis word. Gebruik 1 as die formaat van die voetnota.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8B (VERVOLG)

7. Verseker dat die briefhoof en die brief op een A4-portretbladsy inpas.

8. Stoor die lêer as SPANNE8B.

9. Druk die dokument op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Voeg die stelseldatum, regsbelyn, in

‡

Geagte **[AFRIGTER]**, **[LAND]** *Voeg 'n voetnota na die woord, Rugbywêreldbeker, in*

‡

Dit sal 'n groot eer wees as u, Mnr. **[AFRIGTER]**, **[KAPTEIN]**, en die res van u span vir die 2019 Rugbywêreldbeker by ons kan aansluit.

‡

Hier is die ererol vir hierdie toernooi:

‡

Voeg die lêer, SPANNE, hier in. Sorteer die teks in stygende volgorde volgens die jare, en voeg kolpunte van jou keuse in.

‡

Die 2019 Rugbywêreldbeker sal die negende Rugbywêreldbeker wees. Dit sal van 20 September 2019 tot 2 November 2019 in 12 plekke oor die hele Japan aangebied word.

‡

[LAND] is in **[GROEP].** Die openingswedstryd vir **[KAPTEIN]** en sy span sal op **[DATUM 1]** in **[STADION], [STAD]** teen **[EERSTE TEENSTANDER]** gespeel word.

‡

Ons sien daarna uit om binnekort van u te hoor.

‡

Die uwe

‡

Fujio Mitarai
Erepresident van die Japanse Sakefederasie

(24)

VRAAG 8C

1. Gebruik die saamvoegfunksie in die woordverwerkingsprogram om die uitnodigings na die verskillende afrigters saam te voeg. Gebruik die databron wat jy by VRAAG 8A geskep het en die primêre dokument wat jy by VRAAG 8B geskep het.

2. Nadat jy die drie briewe saamgevoeg het, verander die VRAAGNOMMER van die saamgevoegde briewe na VRAAG 8C.

3. Verseker dat die voetnotanommer op al drie briewe as 1 behou is.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8C (VERVOLG)

4. Alle saamgevoegde velde moet in vetdruk wees.

5. Stoor die saamgevoegde briewe as SPANNE8C.

6. Druk die saamgevoegde briewe en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

(6)

VRAAG 8D

1. Maak 'n nuwe dokument oop en skep etikette (labels) vir die verskillende spanne.

2. Skep 12 etikette, 2 kolomme en 6 rye. Jy mag die volgende inligting gebruik:
LABEL VENDOR: A - ONE
PRODUKNOMMER: 28171

3. Verseker dat jy portretoriëntasie gebruik.

4. Gebruik Berlin Sans FB 10 pt as font vir die hele dokument.

5. Vertoon die randte (borders) van al die etikette.

6. Voeg die volgende opskrif in 16 pt, vetdruk, kursief en gesentreerd op al die etikette in: SUID-AFRIKA RWB-KAMPIOENE 2019

7. Gebruik die databron wat jy by VRAAG 8A geskep het om die volgende velde regsbelyn, in die volgende volgorde op die etikette saam te voeg:
[KAPTEIN]
[AFRIGTER]
[LAND]
[GROEP]

8. Nadat dit saamgevoeg is, verseker dat die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER onderskeidelik op etiket 2 en 3 vertoon word.

9. Stoor die etikette as SPANNE8D.

10. Druk die etikette op EEN portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

OF

AFDELING C: SIGBLAD

INSTRUKSIES

1. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

2. Gebruik Arial 10 pt, behalwe waar anders aangedui is.

3. Die volgende inligting moet in die kopskrif van elke bladsy verskyn:

Belyn die VRAAGNOMMER teen die linkerkantruimte	Belyn jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER teen die regterkantruimte

4. Gebruik die datumfunksie om alle datums en tye in te voeg.

5. Verwys na alle waardes wat herhaal moet word deur absolute selverwysings te gebruik.

6. Alle DRUKSTUKKE moet op EEN A4-bladsy inpas. Indien 'n sigblad nie op een portretbladsy inpas nie, mag landskaporiëntasie gebruik of die kantruimtes aangepas word, behalwe waar anders aangedui.

7. Plaas alle DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG. Dien slegs EEN DRUKSTUK per vraag in.

VRAAG 9

VRAAG 9A

Jy moet 'n visuele aanbieding van die 2019-rugbywêreldbekerstatistiek in die vorm van grafieke lewer.

1. Herwin die lêer, GROEPA wat in die lêergids, REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS, gestoor is.

2. Skep 'n sirkelgrafiek (pie graph) om die FINALE GROEPPUNTE vir GROEP A in die 2019 Wêreldbeker aan te toon. Vertoon die sirkelgrafiek as 'n voorwerp onder die sigblad. Verstel die grootte van die grafiek vanaf sell A10 tot H30.

3. Vertoon die data soos volg in die grafiek:

   Grafiektitel

   3.1 Lyn 1: OPSOMMING: FINALE GROEP A-PUNTE
   Lyn 2: VRAAG 9A
   Lyn 3: EKSAMENNOMMER
   Vertoon die titels in Agency FB 16 pt, bokas, vetdruk en kursief.
   Voeg 'n tekskassie om die grafiektitels in.
   Belyn die grafiektitels links bo in die grafiek.
   Moenie jou EKSAMENNOMMER, VRAAGNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif gebruik nie.

VRAAG 9A (VERVOLG)

3.2 Vertoon die kategoriename en die persentasies as data-etiketpersentasies op die grafiek aan die buitekant (outside end).

3.3 Vertoon die verklaring links van die grafiek.

3.4 Lig die Japan-segment uit (explode).

4. Stoor die grafiek as V9AGROEPA.

5. Druk die grafiek en die data op EEN bladsy. Sentreer die DRUKSTUK vertikaal en horisontaal in portretoriëntasie met ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(15)

VRAAG 9B

Skep 'n gemengde grafiek om die punte in GROEP A te ontleed.

1. Herwin die lêer, GROEPA, wat in die lêergids, REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS, gestoor is. (Dit is dieselfde lêer as die een wat jy in VRAAG 9A gebruik het.)

2. Skep 'n gemengde grafiek om die data van die PUNTE VIR SPAN en PUNTE TEEN SPAN te vertoon. Vertoon die data van PUNTE VIR SPAN as 'n kolomgrafiek en die data van PUNTE TEEN SPAN as 'n lyngrafiek.

3. Vertoon die data soos volg op die grafiek:

3.1 Grafiektitel: VERGELYKING GROEP A 2019 RWB in Tahoma 16 pt, bokas, vetdruk en kursief. Voeg 'n tekskassie om die grafiektitel in. Belyn die grafiektitel bo regs van die grafiek.

3.2 Vertoon al die data-etiketwaarde op die grafiek. Vertoon die data-etikette van PUNTE VIR SPAN aan die binnekant (inside end) en die data-etikette van PUNTE TEEN SPAN, buite.

3.3 Vertoon die verklaring bokant die grafiek.

3.4 Voeg die volgende X-as-titels in:
Lyn 1: Vyf lande in Groep A
Lyn 2: VRAAG 9B
Lyn 3: EKSAMENNOMMER

3.5 Voeg die Y-as-titel in: Punte vir/teen elke span aangeteken.

3.6 Die X-as moet die lande vertoon en die Y-as moet die punte wat aangeteken is, vertoon.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9B (VERVOLG)

3.7 **Moenie jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER as kopskrif invoeg nie.**

3.8 Voeg vertikale en horisontale roosterlyne in.

3.9 Stoor die grafiek as V9BGROEP.

3.10 Druk die grafiek as 'n nuwe blad op EEN bladsy in landskaporiëntasie en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(18)
[33]

VRAAG 10

VRAAG 10A

Doen 'n ontleding van die lande in Groep B van die 2019 Rugbywêreldbeker.

1. Herwin die lêer, GROEPB, wat in die lêergids, REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS, gestoor is.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Verander die bladsy-uitleg na landskaporiëntasie.

4. Redigeer die dokument op bladsy 27 soos in die instruksies en/of volgens die proefleestekens aangedui is. Sleutel alle bykomende teks in soos aangedui.

5. Moenie die ry- en kolomopskrifte vertoon nie. Dit word bloot getoon om te verseker dat jy die korrekte seladresse gebruik. Verseker dat jy enige bykomende teks in die selle soos aangedui, insleutel. Moenie enige bykomende rye en kolomme invoeg nie, tensy dit spesifiek so aangedui word.

6. Voeg formules/funksies vir die volgende berekeninge in waar die alfabetletters verskyn.

   A Gebruik 'n formule om die lande in Groep B te nommer.

   B Gebruik die toepaslike funksie om te bepaal of die lande vir die uitdunrondtes gekwalifiseer het. Indien die GROEPPUNTE meer as twee is, vertoon die land se naam, anders moet die antwoord, UITGESKAKEL, wees.

   C Gebruik die toepaslike funksie om die SPANNE MET HOË PUNTE te bepaal. Indien die PUNTE VIR SPAN meer as een honderd is, moet die antwoord as SPAN MET HOË PUNTE vertoon, anders moet die antwoord SPAN MET LAE PUNTE wees.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10A (VERVOLG)

D Gebruik die toepaslike funksie om te bepaal of die land se deelname suksesvol was. Indien die PUNTE VIR SPAN meer is as die PUNTE TEEN SPAN, moet die antwoord as SUKSESVOL vertoon, anders moet die antwoord as NIE SUKSESVOL vertoon.

E Gebruik die toepaslike funksie om die totale aantal spanne in GROEP B te bepaal. Vertoon die antwoord as 'n heelgetal.

F Gebruik die toepaslike funksie om die HOOGSTE GROEPPUNTE te bepaal.

G Gebruik die toepaslike funksie om die LAAGSTE GROEPPUNTE te bepaal.

H Gebruik die toepaslike funksie om die GEMIDDELDE GROEPPUNTE te bepaal. Vertoon die antwoord met een desimaal.

7. Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

8. Sorteer die sigblad alfabeties volgens die lande met alle ooreenstemmende data.

9. Voeg alle vertikale en horisontale randte in soos aangedui.

10. Stoor die sigblad as V10AGROEPB.

11. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op een landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10A (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
1	FINALE GROEPPOSISIES GROEP B			**16 pt, regsbelyn**							
2											
3	Die spanne wat in die top twee van elke **groep** eindig, vorder na die kwarteindrondte.					**Bokas, sentreer (GEBRUIK 'N FUNKSIE)**					
4	Die top drie spanne van elke groep kwalifiseer outomaties vir die 2023 Rugbywêreldbeker.										
5	**Nommer die lande 1 tot 5, gebruik 'n formule**				**Sleutel alle bykomende teks in**		**Sentreer kolomopskrifte horisontaal en vertikaal, omvou (wrap)**				
6							**opskrifte soos vertoon, vetdruk, kursief**				
7	AANTAL	LAND	WEDSTRYDE GESPEEL	WEDSTRYDE GEWEN	PUNTE VIR SPAN	PUNTE TEEN SPAN	GROEP-PUNTE	KWALIFISEER	SPANNE MET HOË PUNTE	DEELNAME SUKSESVOL?	
8	1	NIEU-SEELAND	4	0	14	177	2	**B**	**C**	**D**	
9	**A**	SUID-AFRIKA	4	2	98	78	12				
10		ITALIË	4	0	34	175	2				
11		NAMIBIË	4	3	157	22	16				
12		KANADA	4	3	185	36	15				
13		AANTAL SPANNE:				HOOGSTE PUNTE:	**F**				
14		**E**				LAAGSTE PUNTE:	**G**				
15						GEMIDDELDE PUNTE:	**H**				
16	**Sorteer sigblad alfabeties**			**Regsbelyn**							
17	**volgens die lande**										

(26)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10B

Die doel van hierdie vraag is om die formules/funksies wat jy in VRAAG 10A gebruik het, te vertoon.

1. Herwin die lêer, V10AGROEPB.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na 10B.

3. Vertoon die formules/funksies. Verseker dat die kolomme wyd genoeg is om die formules/funksies volledig te vertoon.

4. Vertoon ry- en kolomopskrifte.

5. Verskuil kolomme C, D, E en F.

6. Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

7. Stoor die sigblad as V10BGROEPB.

8. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(16)
[42]

VRAAG 11

VRAAG 11A

Jy gebruik tans Rugbywêreldbekerstatistiek.

1. Herwin die lêer, RWBSTATS, wat in die lêergids, REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS, gestoor is.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Verander die bladsy-uitleg na landskaporiëntasie.

4. Redigeer die dokument op bladsy 31 soos in die instruksies en/of volgens die proefleestekens aangedui is. Voeg en sleutel alle bykomende teks in soos aangedui.

5. Moenie ry- en kolomopskrifte vertoon nie. Dit word bloot getoon om te verseker dat jy die korrekte seladresse gebruik. Verseker dat jy enige bykomende teks in die selle soos aangedui, insleutel. Moenie enige bykomende rye en kolomme invoeg nie, tensy dit spesifiek so aangedui word.

6. Voeg die prent, Logo, in sel J1 in. Voeg 'n dubbelrand om die prent in. Verander die grootte van die prent na 2,54 cm/1" wyd en 3,81 cm/1,5" hoog.

7. Voeg formules/funksies vir die volgende berekeninge in waar die alfabetletters verskyn:

   A Gebruik die naam, SPANNE, vir die verwysingstabel in selle A19:B25. Gebruik hierdie verwysingstabel en die toepaslike funksie om die KAPTEIN-kolom op grond van die SPAN-kolom te bereken en vertoon.

   B Bereken die DAE GEBLY vir elke span deur die datums wat in sel D4 ingesleutel is, te gebruik (gebruik absolute waardes).

   C Bereken WEKE GEBLY deur DAE GEBLY te gebruik. Vertoon die antwoord met een desimaal.

   D Gebruik die naam, PUNTE, vir die verwysingstabel in selle D15:J17. Gebruik hierdie verwysingstabel en die toepaslike funksie om die SPAN-kolom op grond van die SPELER-kolom te bereken en vertoon.

   E Gebruik die verwysingstabel, PUNTE, en die toepaslike funksie om die TOTALE PUNTE AANGETEKEN-kolom op grond van die SPELER-kolom te bereken en vertoon.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11A (VERVOLG)

F Gebruik die toepaslike funksie om die totale aantal KAPTEINS te bepaal. Vertoon die antwoord as 'n heelgetal.

8. Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

9. Voeg alle vertikale en horisontale randte in soos aangedui.

10 Voeg die volgende voetskrif, in 16 pt, gesentreer, vetdruk en kursief in: 2019 RWB is van 20 September tot 2 November in Japan aangebied.

11. Stoor die sigblad as V11ASTATS.

12. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11A (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J
1	2019 Wêreldbekerstatistiek		**Hoofopskrif: 16 pt, sentreer**						**Voeg die prent, Logo, in sel J1 in** →	
2						**Sentreer kolomopskrifte in ry 5 horisontaal en vertikaal. Omvou opskrifte soos aangetoon, vetdruk**				
3			**Gebruik datumfunksie**	SPAN VERTREKDATUM:						
4				04-Nov-19		TOP TIEN PUNTEMAKERS IN 2019 RWB				
5	SPAN	KAPTEIN	DATUM IN JAPAN AANGELAND	DAE GEBLY	WEKE GEBLY	SPELER	SPAN	TOTALE PUNTE AANGETEKEN		
6	Australië	**A**	27-Aug-19	**B**	**C**	Dan Bigger	**D**	**E**		
7	Engeland		29-Aug-19			Handre Pollard				
8	Nieu-Seeland		15-Aug-19			Josh Adams				
9	Skotland		03-Sep-19			Owen Farrel				
10	Suid-Afrika		20-Aug-19			Richie Mo'unga				
11	Wallis		02-Sep-19			Yu Tamura				
12	AANTAL KAPTEINS:	**F**								
13										
14	**Regsbelyn**									
15						**SPELER**	Dan Wigger	Handre Pollard	Josh Adams	Owen Farrel	Richie Mo'unga	Yu Tamura
16			**Reeksnaam: PUNTE** →			**SPAN**	Wallis	Suid-Afrika	Engeland	Engeland	Nieu-Seeland	Japan
17		**Reeksnaam: SPANNE** ↓				**TOTALE PUNTE AANGETEKEN**	41	69	35	58	54	51
18												
19	**SPAN**	**KAPTEIN**										
20	Australië	Michael Hooper										
21	Engeland	Owen Farrel										
22	Nieu-Seeland	Kieran Read										
23	Skotland	Greig Laidlaw										
24	Suid-Afrika	Siya Kolisi										
25	Wallis	Dan Bigger										

(27)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11B

Die doel van hierdie vraag is om die formules/funksies wat jy in VRAAG 11A gebruik het, te vertoon.

1. Herwin die lêer, V11ASTATS.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na 11B.

3. Vertoon die formules/funksies. Verseker dat die kolomme wyd genoeg is om die formules/funksies volledig te vertoon.

4. Vertoon ry- en kolomopskrifte.

5. Verskuil kolomme A en F.

6. Skrap die prent en die voetskrif.

7. Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

8. Stoor die sigblad as V11BSTATS.

9. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(15)
[42]

VRAAG 12

VRAAG 12A

Jy beplan jou finansies om die Rugbywêreldbeker by te woon.

1. Sleutel die sigblad in presies soos dit op bladsy 34 gegee is en doen die vrae hier onder.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Verander die bladsy-uitleg na landskaporiëntasie.

4. Redigeer die dokument hier onder en op bladsy 34 soos in die instruksies en/of volgens die proefleestekens aangedui is. Moenie die ry- en kolomopskrifte vertoon nie. Dit word bloot getoon om te verseker dat jy die korrekte seladresse gebruik. Moenie enige bykomende rye en kolomme invoeg nie, tensy dit spesifiek so aangedui word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 12A (VERVOLG)

5. Voeg formules/funksies vir die volgende berekeninge in waar die alfabetletters verskyn:

   A Bereken die LUGREISKWOTASIE. Vertoon jou antwoord as geldeenheid met twee desimale.

   B Bereken die TOTALE PRYS. Vertoon jou antwoord as geldeenheid met twee desimale.

   C Bereken die VLIEGTYD. Formatteer die antwoord om ure, minute en sekondes te vertoon.

   D VLUGKAARTJIE (LENINGSBEDRAG): Kopieer die waarde van sel C10 na selle A18:A20. Gebruik 'n absolute waarde.

   E Bereken die MAANDELIKSE BETALING deur die toepaslike funksie te gebruik.

   F Bereken die JAARLIKSE BETALING.

   G Bereken die TOTALE BEDRAG WAT OOR VIER JAAR BETAAL SAL WORD.

   H Bereken die TOTALE RENTE WAT BETAAL SAL WORD.

   I Bereken die TOEKOMSTIGE BESPARING (PROJEKSIE) deur die toepaslike funksie te gebruik.

   Vertoon alle geldwaardes in geldeenheid (currency) met twee desimale.

   Vertoon al die bostaande antwoorde in vetdruk.

6. Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

7. Stoor die sigblad as V12APMT.

8. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 12A (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	RUGBYWÊRELDBEKER FINANSIËLE BEPLANNING								
2				**Sentreer kolomopskrifte in ry 7 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos vertoon**					
3	AFDELING A: REISUITGAWES (VLUGTE) KWOTASIES								
4							**Gebruik datumfunksie en formateer soos vertoon**		
5	PENTRAVEL KWOTASIE			AANTAL PERSONE:	2				
6									
7	LUGREISKWOTASIE		TOTALE PRYS	VLUGNOMMER	DATUM	ROETE	VERTREK	AANKOMS	VLIEGTYD
8	PRYS	R7 687,50	**B**	VS 462	19-Aug-19	Johannesburg/Hong Kong	8/24/2019 22:20	8/25/2019 16:15	**C**
9	BELASTING	R7 032,00		VS 461	01-Nov-19	Hong Kong/Johannesburg	11/3/2019 22:20	11/4/2019 17:20	**C**
10	TOTAAL	**A**							
11									
12	AFDELING B:								
13	EERSTE OPSIE VIR VLUGUITGAWES: PERSOONLIKE LENING								
14				**Sentreer kolomopskrifte in ry 17 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos vertoon**					
15	Berekeninge vir 'n lening vir vliegtuigkaartjies na Hong Kong:								
16									
17	VLUGKAARTJIE (LENINGSBEDRAG)	JAARLIKSE RENTE-KOERS OP LENING	LENINGSTYDPERK IN JARE	MAANDELIKSE BETALING	JAARLIKSE BETALING	TOTALE BEDRAG WAT OOR VIER JAAR BETAAL SAL WORD	TOTALE RENTE WAT BETAAL SAL WORD		
18	**D**	18%	4	**E**	**F**	**G**	**H**		
19		18%	5						
20		18%	6						
21									
22	AFDELING B:								
23	EERSTE OPSIE VIR VLUGUITGAWES: PERSOONLIKE LENING								
24				**Sentreer kolomopskrifte in ry 27 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos vertoon**					
25	Projeksies om die minimum maandelikse besparing te bereken								
26									
27	SPAARTYDPERK IN MAANDE	JAARLIKSE RENTE-KOERS	MAANDELIKSE BEDRAG GESPAAR	TOEKOMSTIGE WAARDE VAN BESPARING (PROJEKSIE)					
28	48	6%	R1 000,00	**I**					
29	60	6%	R1 000,00	**I**					

(16)

VRAAG 12B

Die doel van hierdie vraag is om die formules/funksies wat jy in VRAAG 12A gebruik het, te vertoon.

1. Herwin die lêer, V12APMT.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na 12B.

3. Vertoon die formules/funksies. Verseker dat die kolomme wyd genoeg is om die formules/funksies volledig te vertoon.

4. Vertoon ry- en kolomopskrifte.

5. Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

6. Stoor die sigblad as V12BPMT.

7. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte in landskaporiëntasie op een bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(17)
[33]

TOTAAL AFDELING C: 150
GROOTTOTAAL: 200

REKENAARPRAKTYK N6

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A: TEORIE

VRAAG 1:	
VRAAG 2:	
VRAAG 3:	
VRAAG 4:	

VRAAG 1: INLIGTINGSTELSELS

1.1

(5 × 1) (5)

1.2

(5 × 1) (5)

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

1.3 A _____

B _____

C _____

(3 × 1) (3)

1.4 _____

_____

(2 × 1) (2)

[15]

VRAAG 2: BEDRYFSTELSELS

2.1 _____ (1)

2.2 _____

_____ (2)

2.3 _____

_____ (2)

2.4 _____ (1)

2.5 _____ (1)

2.6 _____ (1)

2.7 _____ (1)

2.8 _____ (1)

[10]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 3: VIRUSSE

3.1 _____

_____

_____

_____

_____

(5 × 1) (5)

3.2 _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(5 × 1) (5)

3.3 3.3.1 _____

3.3.2 _____

3.3.3 _____

3.3.4 _____

3.3.5 _____

(5 × 1) (5)

[15]

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 4: FOUTOPSPORING

4.1 _____

4.2 _____

4.3 _____

4.4 _____

4.5 _____

4.6 _____

4.7 _____

4.8 _____

4.9 _____

4.10 _____

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou